Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Deon Louw
Direktoraat: Inrigtingsbestuur-en-beheer
Deon.Louw@westerncape.gov.za | 021 467 2653

Lêerno.: 26/6/3
Verwysing: 20230814-7099

Inrigtingsbestuur-en-beheerminuut: 0004/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Beplanningsamptenare en Prinsipale van alle openbare skole

Onderwerp: Optekening van ad hoc-oordragbetalings aan skole

1. Tydens 'n interne oudit wat in 2022 gedoen is, is vasgestel dat nie alle ad hoc-oordragbetalings aan skole voldoende in WKOD 043-verslae se inkomste-en-uitgawestate weergegee is nie.

2. Indien ad hoc-oordragbetalings nie in 'n skool se inkomste-en--uitgawestaat gespesifiseer word nie, is dit vir die skool en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) moeilik om die gebruik van die ad hoc-oordragbetaling te monitor.

3. In die toekoms moet alle ad hoc-oordragbetalings aan 'n skool in die elektroniese kasboekstelsel soos deur die WKOD verskaf, ingevoer word. Hierdie oordragbetalings moet dan soos volg op die WKOD 043 vertoon:
   a) Op die begrotingsbladsy ("*Budget*"), in die kolom vir ander WKOD-oordragbetalings (projekte) ("*Other WCED Transfer Payments (Projects)*" is voorsiening gemaak vir 10 ad hoc-oordragbetalings. Sodra hierdie betalings ontvang is, moet die naam van die ad hoc-oordragbetaling (bv. fokusskole ("*Focus schools*"), veilige skole ("*Safe schools*"), "*PEIP*", ens.) op die begrotingsbladsy ("*Budget*") ingevoer word. Meer betalings kan met ontvangs bygevoeg word.

Begroting (ander oordragte onbekend)

Other WCED transfer payments (Projects)
1
2
3
4
5
6

Begroting (sodra oordragbetalings bekend is)

Other WCED transfer payments (Projects)
Focus schools
Safe schools
PEIP
4
5
6

b) Hierdie inskrywing sal die naam (bv. "*Focus schools*", "*Safe schools*", "*PEIP*", ens.) in die inkomstetabel van die kasboekstelsel en die WKOD 043 oordra.

Other WCED Transfer Payments (Projects)
Focus schools
Safe schools
PEIP
4
5
6

c) Dieselfde inskrywing (bv. "*Focus schools*", "*Safe schools*", "*PEIP*", ens.) sal dan in die uitgawetabel van die kasboekstelsel en die WKOD 043 vertoon.

Other WCED Transfer Payments (Projects)
Focus schools
Safe schools
PEIP
4
5
6

d) Alle uitgawes vir hierdie ad hoc-oordragbetalings moet onder die spesifieke items vertoon word.

4. Alle skole word versoek om te verseker dat alle ad hoc-oordragbetalings in die kasboekstelsel ingevoer word, soos hierbo uiteengesit. Skole wat ander boekhoupakkette gebruik, moet verseker dat dieselfde inskrywings opgeteken word ('n afsonderlike WKOD 043 met dieselfde kenmerke as eCashbook word verskaf).

5. U word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle beheerliggame te bring en derhalwe te verseker dat alle skole aan die bogenoemde voldoen.

6. U samewerking in hierdie verband word op prys gestel.

GETEKEN: S NAICKER
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING
DATUM: 2023-11-07